

Effektetrustonttrekkingsvorm



Voordat u u fondse onttrek, let asseblief op die volgende:

- Lees asseblief die belangrike inligting, bepalinge en voorwaardes in Bylae A.
- Ons doen slegs betalings in die bankrekening van die geregistreerde belegger.
- Ons doen nie betalings in derdepartybankrekeninge, kredietkaarte, geldmark- of verbandrekeninge nie.
- Betalings geskied via elektroniese fondsoordrag (EFO).
- Slegs verrekenende onderaandele sal uitbetaal word. Verwys asseblief na *Betaling van onverrekenende bedrae* in Bylae A.
- Indien die saldo ná die onttrekking minder as R2 000 is, sal die volle bedrag onttrek word.
- Indien u al u onderaandele onttrek het en u maandelikse debietorder minder as die minimum bedrag is, sal die debietorder gekanselleer word.



Die verskaffing van korrekte inligting sal verseker dat die Onttrekkingsopdrag onverwyld verwerk word:

- Alle inligting moet korrek ingevul word.
- Die vorm moet deur die geregistreerde belegger of gemagtigde ondertekenaars met geldige magtiging van die belegger, soos 'n volmag of 'n mandaat, **gedateer en onderteken word**.
- Moet asseblief nie inligting buite die aangewese velde skryf nie.
- Parafeer asseblief enige veranderinge wat aangebring word.
- Stuur net **bladsy 2** aan ons terug.
- Indien u u persoonlike inligting, gereelde onttrekkingsbedrag/-bedrae of bydraes tot u fondse wil verander, moet u asseblief 'n Effektetrustbeleggersbesonderhede-opdateringsvorm invul en saam met die stawende dokumente aan ons stuur. Die vorm is by www.sanlamunitrustsforms.co.za beskikbaar.



Voorsien ons asseblief van die volgende verifikasiedokumente indien u 'n individu is en dit nie voorheen aan ons gestuur het nie:

- Afskrif van u ID-dokument, Paspoort of Slimkaart (albei kante)
- Bewys van adres nie ouer as 3 maande nie
- Bewys van bankrekening nie ouer as 3 maande nie.

Voorsien ons asseblief van die volgende verifikasiedokumente indien u namens 'n belegger optree en dit nie voorheen aan ons gestuur het nie:

- Bogenoemde dokumente vir die gemagtigde persoon
- Belegger se magtiging, soos 'n volmag of mandaat.



Ons kontakbesonderhede

Stuur asseblief die ingevulde vorm en stawende dokumente na:

E-pos UTInstructions@sanlaminvestmentssupport.com | Faks **0860 724 467**

Indien u enige navrae het, tree asseblief met ons in verbinding by:

E-pos service@sanlaminvestments.com | Tel. 0860 100 266

Webtuiste www.sanlamunitrusts.co.za



Afsluittye

Soort fonds

Sanlam Alternatiewe Inkomstefondse

Geldmarkfondse

Alle ander fondse

Afsluittye

11:00

13:00

15:00

Vir u opdrag om verwerk te word, moet al die nodige dokumente voor die afsluittyd voorsien word.

1. Beleggersbesonderhede

Beleggerskode _____
 Titel _____ Voornaam/-name _____
 Van / Geregistreeerde naam van regsenteit _____
 ID- / Paspoortnommer / Entiteit se registrasienommer _____
 Geboortedatum _____ (ddmmeejj) Paspoortvervaldatum _____ (ddmmeejj)
 Werktelefoonnr. () () Selnommer () ()
Land- en areakodes, bv. +27 21 555 5555 +27 82 555 5555
 E-posadres _____

2. Onttrekkingsopsies

Rekeningnommer of Naam van Effektetrust(s)	Klas	Bedrag (R)	OF	Aantal onder-aandeel	OF	Alle onder-aandeel	EN	Kanselleer asb. my		
								Debiet-order	Maandelikse onttrekking	Maandelikse omskakeling

3. Betaling in 'n ander Sanlam-produk (moet deur Makelaar / Adviseur ingevul word)

Makelaars-/Adviseurskode _____ Volle naam / name _____
 E-posadres _____ Selnommer () ()
Land- en areakodes, bv. +27 82 555 5555
 Naam van Sanlam-produk _____ Nommer van Sanlam-produk _____
 Vul asseblief die tersaaklike Sanlam-bankrekeningbesonderhede by **Deel 4** hieronder in.

4. Bankbesonderhede

Naam van rekeninghouer _____
 Identiteits- / Paspoortnommer/ Entiteit se registrasienommer _____
 Paspoort vervaldatum _____ (ddmmeejj)
 Naam van bank _____ Rekeningnr. _____
 Naam van tak _____ 6-syfertakkode _____
 Soort rekening Tjek Spaar

5. Verklaring deur Belegger

Ek / Ons bevestig dat ek / ons:

- die belangrike inligting, bepalinge en voorwaardes in Bylae A gelees het en dit verstaan
- die magtiging het en regsbevoeg is om hierdie transaksie aan te gaan, met die nodige regshulp wanneer nodig
- bewus is van die feit dat die wettige voog die opdrag namens 'n minderjarige moet onderteken (indien van toepassing).

Handtekening van belegger _____ Datum _____ (ddmmeejj)

Handtekening van gemagtigde ondertekenaar _____ Datum _____ (ddmmeejj)

Bylae A

Belangrike inligting, Bepalings en Voorwaardes

Hierdie Bylae A moet nie saam met u onttrekkingsvorm teruggestuur word nie.

1. Belangrike inligting

- **Ongeldige bankbesonderhede** – Indien die bankbesonderhede wat u vir die onttrekking verskaf het ongeldig is en ons nie met u in aanraking kon kom nie, sal die geld wat deur die bank aan ons teruggestuur is outomaties herbelê word.
- **Verandering in bankbesonderhede** – Indien ons nie u bankbesonderhede kan bevestig nie, kan ons u versoek om ons van 'n bewys van bankbesonderhede te voorsien, bv. 'n gekanselleerde tjek of onlangse bankstaat met 'n banklogo en datumstempel (nie ouer as 3 maande nie).
- **Betaling van onverrekenende bedrae** – Dit neem enkelbedragbeleggings en eenmalige debietorders 15 kalenderdae om verreken te word en herhalende debietorders 28 kalenderdae. Vir betaling voordat die wagtydperk verstryk het, moet u asseblief bevestiging van u bank insluit dat die betaling nie teruggeskryf sal word nie.
- **Magtiging om namens die belegger op te tree** – Indien u namens die belegger optree, moet u ons asseblief voorsien van 'n bewys van magtiging om op te tree (aanstellingsbrief, eksekuteursbrief of brief van voogdyskap indien nie 'n ouer nie). In die geval van 'n maatskappy, pensioenfonds, klub, ens. moet die notule van die vergadering of besluit en die handtekening van al die ondertekenaars ingedien word.
- **Betaling van opgelope inkomste** – Indien u al u geldmark en/of Sanlam Alternatiewe Inkomstefondse onttrek, sal u opgelope inkomste in dieselfde bankrekening as die opbrengs van u terugkoop inbetaal word.
- **Kapitaalwinstbelasting (KWB)** – Die verkoop van onderaandeel kan KWB tot gevolg hê. U kan dus vir belasting aanspreeklik wees. Ons reik aan die einde van die belastingjaar 'n KWB-sertifikaat uit.
- **Dokumente aangaande Minimum Openbaarmaking** – Lees asseblief die Dokumente aangaande Minimum Openbaarmaking wat op ons webtuiste www.sanlaminvestments.com beskikbaar is.

2. Verwagte verwerkingstye

U kan verwag dat die geld binne 2 werkdade in u bankrekening inbetaal sal word (tensy anders op 'n individuele grondslag met u gekontrakteer). Dit hang daarvan af of die prys van u fonds(e) in die oggend of die aand bepaal is, of aan die afsluittye voldoen is en of alle stawende dokumente ontvang is.

3. Bepalings en Voorwaardes

3.1 Transaksie-afsluittye

- Maak asseblief seker dat u u ingevulde opdrag (insluitend stawende dokumente) voor die transaksie-afsluittyd aan ons stuur. Die heersende prys van die fonds op die dag waarop die transaksie verwerk word, d.w.s. die dag waarop ons al die nodige inligting ontvang, sal vir u transaksie gebruik word.

3.2 Eienaarskap, inligtingsekuriteit en opdragte

- Die wettige eienaar van die belegging is die persoon in wie se naam die belegging geregistreer is, ongeag wie die betaler is. Indien die wettige eienaar 'n minderjarige is, sal ons net opdragte van sy/haar wettige voog aanvaar. Ons sal slegs inligting vrystel aan en volgens opdragte van die belegger, die gemagtigde ondertekenaar of die aangestelde finansiële tussenganger optree.
- Ons kan slegs u opdragte verwerk wanneer ons die korrekte en korrek ingevulde vorm en vereiste stawende dokumente ontvang het. As 'n opdrag verkeerd uitgereik is, of onduidelik of onvolledig is, of indien die stawende dokumente nie teen die afsluittyd ontvang is nie, kan die transaksie vertraag word. Enige verlies sal vir die belegger se rekening wees.
- Ons laat afkamping ("ring fencing") vir groot onttrekkings toe ingevolge Kennisgewing 573 van die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas. Afkamping is die skeiding van bates en die vertraagde verkoop van onderaandeel in 'n effektetrustfonds wanneer 'n groot aantal onderaandeel in die fonds verkoop word, onderhewig aan sekere voorwaardes. Dit verseker dat die verkoop van 'n groot aantal onderaandeel ons nie sal dwing om die onderliggende beleggings teen 'n markprys te verkoop wat 'n negatiewe impak op ander beleggers sal hê nie. Ons kan die uitbetaling van die opbrengs op die verkoop van onderaandeel vertraag. As u verkoopopdrag deur hierdie afkamping geraak word, kan die betaling en die waarde van u onttrekking geraak word. In dié geval sal ons met u in verbinding tree om die proses te bespreek, indien van toepassing.

3.3 Belangebotsing

Alle werklike en moontlike belangebotsings word bestuur, gerapporteer en geopenbaar ooreenkomstig die Beleid oor Bestuurders se Belangebotsings en Uitkontraktering wat op aanvraag of op die Sanlam-webtuiste www.sanlaminvestments.com beskikbaar is.

3.4 Onopgeëiste bates en hoe dit u raak

- As lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA (ASISA) volg ons ASISA se Standaard vir Onopgeëiste Bates. 'n Onopgeëiste bate is enige effektetrustbelegging waarop vir 10 jaar geen transaksies aangegaan is nie, of in die geval van 'n bestorwe boedel, meer as drie jaar verloop het sedert ons die sterftেকenningsgewing ontvang het. Ons beleid is om alle inkomste-uitkerings (rente) te herbelê totdat die effektetrust verkoop word, ongeag die tydsverloop.
- Ooreenkomstig ASISA se Standaard vir Onopgeëiste Bates volg ons 'n proses om beleggers of begunstigdes op enige onopgeëiste bate op te spoor. Enige redelike administratiewe en regs-koste wat aangegaan word om die belegger op te spoor, kan van die waarde van die portefeulje afgetrek word en dus die waarde van u belegging verminder. Opsporing sal gestaak word wanneer die waarde van die effektetrustbelegging minder as R1 000 is en die opsporingskoste die opsporingsvoordeel oorskry. Meer inligting oor ASISA se Standaard vir Onopgeëiste Bates en die betrokke prosesse is by www.asisa.org.za of by ons Kliëntedienssentrum by 0860 100 266 beskikbaar.
- Let asseblief daarop dat ten einde te verhoed dat u belegging 'n onopgeëiste bate word, dit u verantwoordelikheid is om ons van enige verandering in u persoonlike inligting in kennis te stel.

3.5 Bywerking van u persoonlike besonderhede

Dit is u verantwoordelikheid om ons op hoogte te hou van enige veranderinge in u bankbesonderhede, persoonlike inligting of bestaande identifikasie-inligting (bv. adresverandering of verandering van u en kontakbesonderhede). Indien enige van u besonderhede verander het, vul asseblief 'n Effektetrustbeleggersbesonderhede-opdateringsvorm in wat by www.sanlamunitrustsforms.co.za beskikbaar is.

3.6 Beleggingswysigings

Effektetrusts is 'n buigsame beleggingsopsie. Dit beteken dat u u belegging kan wysig namate u persoonlike omstandighede verander. Dit beteken ook dat u u fondsseleksie kan verander, u onderaandele gedeeltelik of ten volle kan onttrek en bykomende beleggings kan doen. Aangesien veranderinge in u belegging 'n impak op u oorspronklike beleggingsdoelwitte kan hê, raadpleeg asseblief u finansiële adviseur of makelaar.

3.7 Klagtes

Ons wil graag uitmuntende kliëntediens aan u verskaf. Indien u nie met ons diens tevrede is nie, tree asseblief met ons in verbinding:

- Telefoon: 0860 100 266
- E-pos: complaints@sci.sanlam.com
- Vul 'n klagtevorm aanlyn in by www.sanlaminvestments.com
- Besoek u naaste Sanlam-kantoor.

U mening is vir ons baie belangrik. By ontvangs van enige klagte sal 'n bekwame span wat spesifiek opgelei is om klagtes spoedig en regverdig te hanteer, dit ondersoek en so gou moontlik oplos.

3.8 Hoe ons u persoonlike inligting verwerk.

- Ons samel persoonlike inligting oor u in om u die beste diens te bied. Ons sal nie sonder u uitdruklike toestemming hierdie inligting buite die Sanlam-groep, sy verwante groepe of agente deel nie. Ten einde u van doeltreffende diens te voorsien, sal ons moontlik hierdie inligting moet deel met ons administrateurs of agente wat sekere dienste vir ons verrig (bv. posverspreiders wat u state namens ons pos), lede van die Sanlam-groep, u finansiële adviseur of makelaar, sowel as met enige beheerliggame soos deur die wet vereis. Ons kan ook u inligting met buitelandse beheerliggame deel indien nodig.
- U inligting word vir administratiewe, operasionele, oudit-, bemarkings-, navorsings-, regs- en rekordhoudingsdoeleindes gebruik. Ons sal alle redelike stappe doen om die integriteit van enige persoonlike inligting in ons besit te beveilig en dit teen ongemagtigde toegang te beskerm. As u nie toestem dat ons u persoonlike inligting gebruik nie, kan daar vertraging wees of kan sommige opdragte moontlik nie uitgevoer word nie. U kan te eniger tyd toegang tot u inligting verkry en versoek dat ons enige inligting wat ons oor u het, regstel. Ons hou tersaaklike dokumente vir 'n tydperk van vyf jaar of meer, soos deur die wet vereis. As u aan ons toestemming gee om u persoonlike inligting vir langer as vyf jaar te hou, sal ons toegang tot u inligting beperk. Dit sal slegs (met u toestemming) gebruik word vir berging of vir die bevestiging van besonderhede.

Vrywaring

Die Sanlam-groep is 'n volle lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA. Kollektiewe beleggingskemas is oor die algemeen medium- tot langtermynbeleggings. Let asseblief daarop dat vorige prestasie nie noodwendig 'n akkurate bepaling van toekomstige prestasie is nie, en dat die waarde van beleggings / onderaandele / effektetrusts kan daal sowel as styg. 'n Lys van fooie en koste en maksimum kommissies is beskikbaar by die Bestuurder, Sanlam Kollektiewe Beleggings (Afgeb.) (Edms.) Bpk., 'n geregistreerde en goedgekeurde Bestuurder van Kollektiewe Beleggingskemas in Sekuriteite. Bykomende inligting van die beoogde belegging, insluitend brosjures, aansoekvorms en jaarlikse of kwartaalike verslae, kan gratis by die Bestuurder verkry word. Kollektiewe beleggings verhandel teen heersende pryse en mag lenings en skripenings aangaan. Kollektiewe beleggings word op die grondslag van netto batewaarde bereken, wat die totale markwaarde van alle bates in die portefeulje is, met inbegrip van enige inkomste-oploping en minus enige aftrekbare uitgawes soos oudit-, makelaars- en diensfooie. Werklike beleggingsprestasie van die portefeulje en die belegger sal verskil, afhangende van die toepaslike aanvangsheffings, die werklike beleggingsdatum, die datum van herbelegging van inkomste sowel as terughoubelasting op dividende. Verwagte pryse word gebruik. Die Bestuurder verskaf geen waarborg met betrekking tot óf die kapitaal óf die opbrengs van 'n portefeulje nie. Die prestasie van die portefeulje hang af van die onderliggende bates en veranderlike markfaktore. Prestasie word gegrond op netto batewaarde tot netto batewaarde-berekenings met inkomsteherbeleggings op die ex-dividenddatum. Die prestasies van enkelbedragbeleggings word aangegee. Die portefeulje kan belê in ander effektetrustportefeuljes wat hul eie fooie hef, wat 'n hoër fooiestruktuur vir ons portefeulje tot gevolg kan hê. Al die portefeulje-opsies wat aangebied word, is goedgekeurde kollektiewe beleggingskemas ingevolge die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, Nr 45 van 2002 ("CISCA"). Internasionale beleggings of beleggings in buitelandse sekuriteite kan bykomende risiko's dra, soos potensiele beperkings op likiditeit en repatriasie van fondse, makro-ekonomiese risiko, politieke risiko, buitelandsevalutarisiko, belastingrisiko en afrekeningsrisiko. Die portefeuljebestuur van al die portefeuljes word uitgekontraakteer aan verskaffers van finansiële dienste wat ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002, gemagtig is. Standard Bank van Suid-Afrika Bpk. is die aangestelde trustee van die Sanlam Kollektiewe Beleggingskema.